Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 15 Oktober 1952. Prys 3d. Nr. 46

# „Gees van Kruger Het In Suid-Afrika Oorwin"

**Vir die eerste maal is Krugerdag as amptelike feesdag dwarsdeur die Unie op 10 Oktober gevier. Op Springs het mnr. D. H. C. du Plessis, waarnemende hoofbestuurder van die S.A. Spoorweë, gesê dat dit ons nie tot eer strek dat ons so lank gewag het om 10 Oktober tot amptelike vakansiedag te verklaar nie. Hy het beklemtoon dat dit met die Afrikaner nog altyd sleg gegaan het wanneer hy afgewyk het van die beginsels waarvoor president Kruger gestaan het.**

Dr. H. F. Verwoerd het in Johannesburg gesê dat die gees van Paul Kruger in Suid-Afrika oorwin het. „Ons het nie net hierdie dag as feesdag gekry nie, maar ook die reg gekry om onsself te bestuur in die gees van Paul Kruger. Terwyl ons die dag gewen het, moet ons waak dat ons nie net die skyn behou nie," het hy gesê.

As hoofspreker in Pretoria het prof. Chris Coetzee, van Potchefstroom, gewys op die nadruk wat pres. Kruger op die opvoeding gelê het. Volgens Kruger moes in die eerste plaas die grondwaarhede van die Christelike geloof die opvoeding ten grondslag lê. Die wetenskap moet gefundeer wees in die Christelike lewensbeskouing. Naas die godsdiens het pres. Kruger nadruk gelê op die moedertaal, „die taal van ons voorouers, die taal van ons gebed, die taal van ons Bybel en van ons godsdiens, die taal van ons land en volk."

### GROOT VOORUITGANG

**Op Louis Trichardt het dr. T. E. Dönges gewys op die vooruitgang wat die Afrikaanse taal sedert 1806 gemaak het. In daardie jaar was daar maar net 26,000 blankes met Afrikaans as huistaal. Vandag is daar 1,500,000 blankes wat Afrikaans praat. Hierdie toename is nie net die gevolg van natuurlike aanwas nie, want as Afrikaans vandag net deur die nakomelinge van daardie 26,000 mense gepraat sou word, sou daar net 750,000 mense gewees het met Afrikaans as huistaal. 'n Bykomende 750,000 het gekom van immigrante wat hulself met Suid-Afrika vereenselwig het.**

Op Bellville het dr. J. F. Burger gesê dat die held die moed van sy oortuiging het selfs al staan hy alleen in die wêreld. Die helde van ons volk het die moed gehad om te verdedig wat hulle van waarde beskou het, en al was hulle klein in getalle het hulle groot take volvoer. Die eienskap van helde is dat hulle 'n besef het van die werklikheid, die ewige, wat die gewone mens nie het nie. Die groot manne en vroue van die wêreld het gekom uit plekke waar die mens stil is met sy Skepper. Van die grootste manne was skaapwagters gewees, ook Kruger.

# 3 MILJOEN BRITTE WIL MINDER WERK: S.A. SAL VERGOED

**Teen die einde van aanstaande maand sal Suid-Afrika 'n minister — moontlik twee — na Londen stuur om die amptenare wat reeds sedert die begin van hierdie maand in die Britse hoofstad sweet om planne te beraam vir Suid-Afrikaanse hulp aan Engeland, se taak af te rond op 'n konferensie van Empire-premiers.**

**Op 21 Oktober sal die vakbondleiers van 3 miljoen Britse masjienwerkers byeen kom om te beraadslaag oor 'n eis om loonsverhoging. Agter die eis staan 'n dreigement dat die 3,000,000 werkers in die Britse ingenieursbedryf geen verdere oortyd meer sal doen nie, wat 'n verlies van 3,000,000 werksure per week sal beteken.**

Indien die werkers se eis slaag, sal Britse masjiengoedere styg in prys, sodat dit nog minder teen mededingende pryse op die wêreldmark verkoop sal kan word. Indien die dreigement uitgevoer word, sal dit die Britse uitvoer nadelig tref.

In albei gevalle sal Suid-Afrika en die ander dominiums moet inspring om Brittanje solvent te hou. **Wat op 21 Oktober besluit gaan word tussen 'n belangrike groep Britse werkers en hul base, sal noodwendig op 27 Nov. deur die konfererende ministers vergoed moet word, onder andere deur verpligtinge in belang van Engeland te aanvaar wat groter inspanning en opoffering van die Suid-Afrikaanse burger sal verg.**

**Britse werkers stel die eise: Suid-Afrikaanse burgers bring die offers.**

## PARTY GESUIWER VAN SY LEIER

Die sterkste politieke party in Egipte, die Wafd, het na heelwat teenstribbeling kop gegee teenoor genl. Naghib se eis dat alle partye hulself moet suiwer van korrupte elemente voordat hulle geregistreer kan word — wat hy verpligtend gemaak het. Die party se leier Nahas, was vir Naghib onaanneemlik, maar die party wou nie van hom afstand doen nie. Nadat die partyfondse in die bank bevries is, het die party geswig en hom onder leiding van Abdel Salaam Fahmy laat registreer.

## RASSEGEVOEL V.V.O. SE DOOD?

Die mening dat die rassevraagstuk die dood van die V.V.O. kan word is deur die Britse afgevaardigde na die organisasie, sir Gladwyn Jebb, uitgespreek. Hy het gesê dat groot staatsmanskap nodig sal wees om te verhoed dat rassegevoel die V.V.O. en die vrye wêreld beskadig.

# ROOI KONSULAAT EN MAU-MAU

**Die kommunisties-aangestoke Mau-Mau in Kenia se gewelddade het reeds sulke afmetings aangeneem dat die blankes dag en nag gewapen bly. Moorde en aanrandings op blankes neem toe, en in die afgelope tien dae was daar ses sulke aanslae in die omgewing van Nairobi. 'n Sewentigjarige egpaar, lt.-kol. en mev. R. M. G. Tulloch, is Vrydag deur vyf naturelle met messe in hul huis aangeval en swaar gewond. 'n Senior naturellehoof, Waruhi, is sewe myl buite Nairobi vermoor nadat hy die Mau-Mau veroordeel het. 'n Blanke huisvrou, mev. Wright, is met 'n mes doodgesteek en 'n ander vrou, mev. M. Bayliss, is in die hospitaal met meswonde. Die Mau-Mau se verklaarde oogmerk is om alle blankes uit Kenia te verdryf.**

**Tot sover het die blankes nog staat gemaak op polisiebeskerming, maar die owerheid vrees dat as daar nie 'n keer kom nie, die mense die wet in eie hande sal neem. Die polisie meen dat die Mau-Mau-skrikaanjaging nog nie sy hoogtepunt bereik het nie.**

**Die kommunistiese veldtog in Oos-Afrika word uit Addis Abeba, keiserstad van Haile Selassie, beheer waar die Russe 'n „diplomatieke" personeel aanhou wat buite alle verhouding tot Abessinië se belangrikheid staan.** In hul ondermyningswerk word daar gebruik gemaak van alle metodes van haatblasing, en veral toordokters speel 'n belangrike rol hierin.

### GEVAAR VIR SUID-AFRIKA

**Wat in Kenia gebeur, kan môre, oormôre in Suid-Afrika gebeur. Ook ons land sit opgesaal met 'n Russiese diplomatieke verteenwoordiging wat buite alle verhouding tot die omvang van Russies-Suid-Afrikaanse betrekkinge staan. Die Russiese konsulaat in Pretoria het 'n personeel van byna twintig, en hoewel lede van die kabinet, soos mnre. Eric Louw en Ben Schoeman by vorige geleenthede teen die gevaar van hierdie instelling gewys het, en eersgenoemde onder meer verklaar het dat die Russiese konsulaat in Pretoria die kommunistiese bedrywighede in die hele Suidelike Afrika beheer, is daar nog niks gedoen om hierdie gevaar te besweer nie.**

In antwoord op 'n versoek wat deur die kerke verlede jaar aan die Eerste Minister in verband met die sluiting van die Sowjet-konsulaat gerig is, het dr. Malan gesê dat die Unie nie so 'n stap kan doen sonder raadpleging met ander Statebondslede nie. In Mei hierdie jaar het die min. Ben Schoeman, nadat hy erken het dat die konsulaat „'n positiewe gevaar" is, die verskoning aangebied dat dit 'n „internasionale aangeleentheid" is.

### WEIER ENGELAND?

Die regering is met die oog op wat in Kenia plaasvind, 'n meer konkrete antwoord aan die volk skuldig. Ons kan tog seker aanneem dat die regering, wat nie gehuiwer het om drastiese maatreëls teen binnelandse kommuniste toe te pas, seker die betrokke Statebondslande al oor die kwessie van sluiting van die Russiese konsulaat „geraadpleeg" het. **Die antwoord moes blykbaar negatief gewees het, en dit is heeltemal begryplik dat Engeland nie sy toestemming daartoe sou verleen nie. Immers, Brittanje het uit sy pad gegaan om die kommunistiese bewind in Sjina te erken. Sal ons moet wag totdat die een of ander Mau-Mau-beweging ook aktief in Suid-Afrika teen die witman toeslaan voordat daar teen die Russiese veldkwartier in ons land opgetree word?**

### BRITSE KONNEKSIE

Die Britse konneksie hou vir ons in baie opsigte groot gevare in. Die beskermende hand van Brittanje oor die Russiese konsulaat is een daarvan. In hierdie opsig het Suid-Afrika nie die vryheid van 'n Suid-Amerikaanse staatjie nie. Sowel Chili as Columbia het reeds so vroeg as 1947 en 1948 daartoe oorgegaan om die kommunistiese verteenwoordigers uit hul land te jaag. **Suid-Afrika, met sy miljoene oorwig aan naturelle, bygestaan deur Indiërs, waar dieselfde proses as in Kenia hom kan herhaal, het egter nie hierdie vryheid nie danksy sy konneksie met die Britse Statebond.**

Van die kant van een „Statebondsuster" (Indië) word die nie-blankes in Suid-Afrika teen die blankes politiek opgehits. Van die kant van 'n ander „suster" (Brittanje) word verdedigende maatreëls teen die mobilisering van nie-blankes onder Moskouse leiding verbied.

**Waarom bly ons lid van die Britse Statebond? Terwille van die „vrugte, wyn en wol" wat Brittanje van ons koop? Maar hy sal dit van die Mau-Mau ook koop as hulle in Suid-Afrika baas word.**

## Britse Kop Weer Bo Water

Die Britse betalingsbalans het in die eerste helfte van 1952 so 'n gunstige wending geneem dat daar 'n oorskot van £24 miljoen is. Dit is hoofsaaklik die gevolg van besparing op invoer, wat met £248 miljoen gedaal het, terwyl uitvoer met £111 miljoen gestyg het.

Aanstaande maand vind die Empire-Konferensie van eerste ministers in Londen plaas wat byeen geroep is om die Britse geldelike vraagstuk deur gesamentlike optrede die hoof te bied. Min. Havenga sal dr. Malan verteenwoordig en moontlik sal ook min. Eric Louw daarheen afgevaardig word.

## Tee-Aand

'n Tee-aand van O.B.-lede vir Kaapstad-sentraal vind môreaand (Donderdag, 16 Oktober) plaas by die huis van mnr. en mev. S. J. Swanepoel, Aandblomweg 32, Vredehoek.

## Gedenkboek Oor Oorlog

**'n Gedenkboek van die Afrikaner se stryd teen die Britse Empire tydens die jongste wêreldoorlog sal hopelik nog voor die algemene verkiesing verskyn volgens die sekretaris van die Bond van Oudgeïnterneerdes meedeel. Op 'n paar hoofstukke na is die manuskrip reeds voltooi.**

## Atoomkennis vir Brittanje en vir Russe

Die Britte wat na agt jaar eindelik daarin geslaag het om sonder Amerikaanse hulp 'n atoombom te maak, en nou daarop aanspraak maak dat hul bom veel kleiner dog kragtiger as die Amerikaanse produk is, voel dat hulle die wêreld nou weer as 'n grootmoondheid in die oë kan kyk.

Ná die eerste proefontploffing voorverlede week by Australië is die mening selfs gelug dat dit 'n waterstofbom was, maar Amerikaanse wetenskaplikes staan maar skepties daarteenoor. Van Amerikaanse kant het James Hill, minister van die lugmag, verklaar dat Amerika tans instaat is om 'n enkele bom te ontplof met dieselfde geweld as al die bomme tesame wat tydens die jongste oorlog afgegooi is.

Die Britte meen nou dat Amerika sy geheime met hom kan uitruil. Aan die ander kant is dit 'n feit dat Engelse wetenskaplikes soos Klaus Fuchs en Pontecorvo die Britse geheime aan Rusland present gegee het. Laasgenoemde is juis besig om in Rusland aan 'n waterstofbom te werk. Op grond van die ondervinding kan aangeneem word dat enige uitruiling van geheime met Brittanje ook Rusland ten goede sal kom. Daar hang nou steeds 'n groot vraagteken bo Londen se veiligheidsdiens.

DIE O.B., WOENSDAG, 15 OKTOBER 1952

# DOEN DIT NOU!

'n Berig wat van besonder groot belang vir alle Afrikaners behoort te wees, is 'n paar weke gelede uit Washington gestuur. Dit het gegaan oor die houding wat Amerika mag inneem op die V.V.O. in verband met die Indiër-aanklag teen Suid-Afrika. Onder meer het dit gelui:

„Die woordvoerders meen verder dat die Amerikaanse departement van verdediging aan die departement van buitelandse sake meegedeel het **dat goeie betrekkinge met Suid-Afrika van die grootste belang is.**

„Die Amerikaanse departement van verdediging sou meen dat daar op Suid-Afrika vertrou kan word om dadelik te help in geval van aggressie in die Nabye Ooste en dat die Suid-Afrikaners nog altyd eersteklas soldate voorsien het.

**„Suid-Afrikaanse strategiese grondstowwe word al hoe belangriker vir die Amerikaanse herbewapeningsprogram. Dit beteken dat betrekkinge van die vriendskaplikste aard met Suid-Afrika gehandhaaf moet word."**

**In bostaande berig lê opgesluit die troefkaart wat Suid-Afrika ten opsigte van sy Afrika-beleid het, en waarna ons reeds meermale in verband met Suid-Afrika se oorlogsdeelname verwys het.**

## BLANKES AAN VERLOORKANT

Suid-Afrika is onder Sap-leiding reeds twee maal in 'n wêreldoorlog agter Brittanje aangesleep. In albei gevalle is duisende jong Afrikaners se lewens opgeoffer om Afrika vir ons volk te „beveilig," soos die propaganda gelui het. **In albei gevalle het die oorlog geëindig in 'n nederlaag vir die witman in Afrika.** Die Duitse kolonies in Oos-Afrika is na die oorlog deur Brittanje uitgelewer aan die Asiaat wat die witman vandag drie- en selfs viervoudig in getalle oortref. Tanganjika is selfs uitgelewer aan die nie-blanke gesag van die V.V.O. Na die jongste wêreldoorlog is die witman uit Eritrea en ander voormalige Italiaanse kolonies verdryf. **'n Paar weke gelede het die swart keiser, Haile Selassie, sy septer uitgestrek oor die gebied waar voorheen 30,000 blankes onder blanke gesag hul deel tot die ontwikkeling van Afrika bygedra het.**

**Met die verwyte van Britse aspirant-ministers van 'n paar weke gelede nog in ons ore omdat Suid-Afrika „aan die blankes uitgelewer is," het 'n mens nie juis 'n waarsêende gees nodig om te voorspel wat in Suid-Afrika na 'n derde wêreldoorlog waarin die Angel-Saksiese volke oorwinnend sal wees, gaan gebeur nie.**

Die Britse Arbeidersparty het hom reeds by wyse van kongresbesluite tot beskermheer van nie-blanke belange in Afrika uitgeroep, en soos ons verlede week aangetoon het, geskied dit in die aangesig van **buitengewone opofferende Empire-diens aan die kant van Suid-Afrika op ekonomiese gebied.**

## OORLOGSVERPLIGTINGE

En nou is die posisie so dat Suid-Afrika reeds weer oorlogsverpligtinge teenoor Brittanje onderneem het. Hierdie verpligtinge het nie gepaard gegaan met bepaalde eise in belang van die witman in Afrika nie. Dit is vrywillig aanvaar op grond van die veronderstelling dat elke Afrikaner maar te gretig sal wees om sy bloed in 'n derde wêreldoorlog teen „kommunistiese aggressie" te laat vloei. Suid-Afrika moet deelneem ten einde sy blanke voortbestaan te handhaaf, is die standpunt.

**Maar nou is dit klaarblyklik, soos ons 'n jaar gelede ook aangetoon het, dat kommunisme nie die enigste bedreiging vir die witman in Afrika is nie. Die Britse en Amerikaanse aggressiewe liberalisme — wat Die Burger blykbaar nog meer as die Britse imperialisme vrees — is op die oomblik sekerlik minstens net so 'n wesenlike gevaar vir die blanke in Afrika as die rooiste kommunisme uit Moskou. Met sy oorlogsbeleid is Suid-Afrika dus eintlik van voorneme om die duiwel met Beëlsebul uit te werp. Daarom het ons by vorige geleenthede die vraag gestel: Watter waarborg het Suid-Afrika om te verseker dat nadat die gevaar van 'n swart oorheersing onder kommunistiese vlag afgeweer is, Afrika nie oorgelewer sal word aan 'n swart oorheersing onder die vaandel van Britse en Amerikaanse liberalisme nie?**

## DIENSTE BAAT NIKS

Britse of Amerikaanse welwillendheid op grond van ons oorlogsdeelname is geen waarborg nie. Nadat genl. Smuts sy bydrae in die vorige oorlog gelewer het in terme van 10,000 jong Afrikaanse lewens en £600,000,000 skuld moes hy in die beskuldigingsbank voor die V.V.O. gaan staan oor die behandeling van Indiërs in die Unie en Herero's in Suidwes-Afrika. **Toe was die lof en hosannas vir Suid-Afrika se „bit" op 'n end. En so sal dit na die volgende wêreldoorlog ook maar wees. Trouens, terwyl ons finansiële deskundiges in Londen besig is om hul koppe te breek oor watter hulp Suid-Afrika Brittanje op ekonomiese gebied kan verskaf, verwyt Britse politieke leiers Suid-Afrika sy blanke bestaan. Watter welwillendheid kan van hierdie mense na 'n derde wêreldoorlog wat vir Britse belange veilig gemaak is, verwag word?**

Daar is net een manier om ons posisie te beveilig en dit is om voor ons deelname aan 'n oorlog aan te dring op die verdeling van Afrika in blanke en nie-blanke state

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kol.)

op die grondslag van Afrikaanse beleid. **Die tyd om te onderhandel oor hierdie saak, waarby ook ingesluit is die Britse Protektorate, is nou solank die Amerikaanse departement van verdediging goeie betrekkinge met Suid-Afrika as van die grootste belang beskou terwille van ons strategiese posisie en grondstowwe.**

**Laat ons regering nie op hierdie punt aan die slaap gevang word nie. 'n Stap soos hierdie sal meer werd wees as die wen van tien verkiesings.**

# Van die Os op die Esel

**Deur Sybrand**

### *Praatjies sonder Betekenis*

Die sê-goed van die partypolitici het my al dikwels laat wonder namens wie die betrokke voorbok van die een of ander party nou eintlik praat. Mens sou veronderstel dat hy namens sy party praat — maar die bepaalde sê-goed maak in baie gevalle so 'n veronderstelling belaglik.

Neem nou bv. die verwyt wat mnr. J. G. N. Strauss, leier van die V.P., in die jongste tye herhaaldelik aan die adres van die Nasionale Party rig, nl. dat daar tydens die Nasionale Party se bewind meer naturelle in die blanke stede van ons land gaan woon het as tydens die V.P. se bewind. Mnr. Strauss verwyt die Nasionale Party dat hulle in die praktyk duisende-der-duisende naturelle in die witman se stede „integreer" (blykbaar anders as wat die V.P.-bewind dan sou gedoen het) terwyl hulle van die verhoog af „apartheid" skree.

### *Oulike Sê-dingetjie*

Wat is die betekenis van hierdie verwyt? Ek gee toe dat dit verkeerd is van die Nasionale Party-regering om die naturellebevolking van ons blanke stede so geweldig te laat toeneem; maar wil mnr. Strauss nou te kenne gee dat as die V.P. aan bewind kom hy die instroming van die naturelle na die blanke stede en hulle integrasie in die stedelike huishouding sal stopsit? Wil mnr. Strauss dit regtig te kenne gee? Natuurlik wil hy dit nie te kenne gee nie, want hy weet net so goed soos ek dat die V.P. nooit so 'n beleid sal goedkeur nie. Trouens, mnr. Strauss het self verklaar dat dit die V.P. se beleid is om nieblanke arbeid beskikbaar te stel in ons stede, op ons plase, in ons huise, ens. Met ander woorde die V.P. se beleid is ook maar integrasie — en nie afsondering „soos nou te kenne gegee word nie."

Nou wil ek weet: namens wie verwyt die pot dan die ketel? Blykbaar namens niemand nie. Sy verwyt is sommer 'n oulike sê-dingetjies — sonder enige betekenis.

### *Die Sagte Plekkie...*

Ek sal nog 'n voorbeeld aanhaal. Oor die Britse radio het mnr. N. C. Havenga onlangs vir die Britte vertel dat „ons veral 'n sagte plekkie het vir die mense van Brittanje". Namens wie het mnr. Havenga gepraat? Wie is die „ons" wat die sagte plekkie het? Blykbaar is dit die Nasionale Party. Ek het altyd gedink dat dit die Verenigde Party is wat die sagte plekkie het vir die Britte. Ek was onder die indruk dat die lede van die Nasionale Party nie so 'n danige sagte plekkie het vir die Empire-mense, wat die Afrikanervolk beroof het van sy republikeinse vryheid nie; wie se konsentrasiekampe die dood van duisende Afrikanervroue en kinders veroorsaak het; wie se wêreldoorloë, vir die behoud van die Empire, baie tol in bloed en goed van die Afrikaners geeis het; en les bes, vir wie se hedendaagse luiheid Afrikaners in terme van hoë lewenskoste baie duur moet betaal.

### *Is 'n Kneusplekkie...*

Ek glo vir geen oomblik dat die lede van die Nasionale Party — duisende waarvan oortuigde republikeine is — so 'n danige sagte plekkie vir die Britse Empire-mense het nie. En as hulle sulke sagte plekkies het, dan is dit wrintiewaar kneusplekke wat die Empire hulle toegedien het! As ek moet aanneem dat mnr. Havenga se sê-dingetjie in Londen betekenis het, dan moet ek ook aanneem dat die harte van Nasionaliste in Suid-Afrika oorloop van liefde vir die Britse Empire-mense. Hoewel ek nie 'n partyman is nie, neem ek dit darem regtig nie aan nie. Dan moet ek aanneem dat mnr. Havenga se woorde in Londen niks beteken nie.

In Calvinia se wêreld het 'n O.B.-offisier eendag vir my gesê: As 'n man baie kan praat en niks sê nie en die mense kom dit nie agter nie, dan is daardie man 'n suksesvolle partypolitikus.

Dit is die soort boere-wysheid waaraan ek glo.

### *Afkeer teen Slaafse Oorlogvoering*

'n Week of wat gelede het Die Vaderland 'n interessante ontdekking gedoen. In 'n groot voorblad-berig vertel die blad dat betroubare inligting daarop dui „dat as die regering hom aan die oorlog in Korea onttrek so 'n stap glad nie onwelkom in militêre kringe op Voortrekkerhoogte sal wees nie." Volgens die blad voel hoë offisiere dat as ledestate van die V.V.O. wat nie eens aan die Koreaanse avontuur deelneem nie, voortgaan om Suid-Afrika op die vergaderings van die V.V.O. aan te val, dan moet die Suid-Afrikaanse regering begin dink aan die beëindiging van die Koreaanse offers.

Ek is baie bly dat Die Vaderland ontdek het dat daar so 'n gevoel heers — selfs in militêre kringe. Dit is soos die meeste Afrikaners voel.

Die basis van die gevoel is afkeer teen slaafse oorlogvoering en onderskrywing van die beginsel van voorwaardelike deelname aan oorloë. Dit word algemeen gevoel dat as Suid-Afrika aan die V.V.O.-oorlog in Korea deelneem, moet dit geskied op sy eie voorwaardes — wat minstens moet insluit die eis dat die V.V.O. nie vyandig gesind mag wees teenoor die lewensbelange van Wit Suid-Afrika nie. En indien Suid-Afrika aan 'n derde wêreldoorlog deelneem is die minimumvoorwaarde 'n waarborg van sy bondgenote dat die blanke beskawing in Afrika na die oorlog beveilig sal word.

Dit is soos die meeste mense in S.A. voel. Dit is die standpunt wat die Ossewabrandwag nog konsekwent ingeneem het en bepleit het. Dat dit ook die gevoel van die baie offisiere op Voortrekkerhoogte is — soos Die Vaderland nou ontdek het — bewys maar net hoe algemeen die gevoel is.

### *Lyk Familieskap so!*

Die Britse propaganda en diegene wat dié propaganda napraat, stel baie graag die Britse Statebond voor as 'n groot en gelukkige „familie". Die ledestate word liefderik beskryf as „susters" en Brittanje verwys met trots na hulle as haar „dogters". Ek weet nie wat die Britte onder die woord „familie" verstaan nie, maar ek weet wel wat ons Afrikaners daaronder verstaan. Daarom sê ek dat die Afrikaners nie glo in hierdie „familieskap" nie.

In die eerste plek beskinder ons nie ons familie nie: ons hou, inteendeel, die kroon bo hulle hoofde. Die skinderveldtog wat in die jongste tye in Brittanje gevoer word teen Suid-Afrika is een van die mees verbysterende en ontstellende probleme waarmee ons te kampe het en die houding wat ons Indiese „suster" volhardend teenoor ons inneem in die wêreldpolitiek kan nie anders beskryf word as tergende uitlating, net duskant algehele verbreking van vriendskaplike betrekkinge nie.

### *„Moeder" en „Susters" skinder aaneen*

Nog onlangs weer het die Indiese eerste minister, Nehroe, Suid-Afrika beskuldig van onderdrukking van die inheemse nie-blankes. Hy het gesê dat die groot vreedsame versetbeweging van naturelle en Indiërs in Suid-Afrika sy hoogte- en laagtepunt mag hê, maar wanneer miljoene mense aan die beweeg is kan onderdrukking nie 'n einde aan hulle maak nie. Trouens Indië (die Britse „dogter" wat ons „suster" is, omdat ons ook 'n Britse „dogter" is) is oudergewoonte, weer voornemens om Suid-Afrika te beklad op die aanstaande vergadering van die sogenaamde Verenigde Volke (Rusland inkluis).

Maar in die tweede plek erken ons Afrikaners nie familieskap met die nie-blankes nie: daarom behoort ons nie aan die gemengde Britse familie van blank en nie-blank nie. As ons 'n Britse „dogter" is, dan is ons seer sekerlik 'n „dogter" wat teen ons sin en met geweld „aangeneem" is. En nou het ons boonop die uitworpeling van die familie geword — wat deur die „moeder" beskinder word en deur die nie-blanke „suster" beklad word.

In die lig hiervan vra ek: Is ons dan nie al mondig nie? En as dit die geval is: waarom verlaat ons dan nie hierdie gemengde Britse „familie" waarin ons nie tuishoort nie en waarin ons so onwelkom is nie?

Per slot van sake is dit minstens ongerymd dat ons 'n wet maak om gemengde huwelike te verbied terwyl ons self nieblanke „susters" het.

### *Terugkeer na die Ghetto?*

'n Volmaakte klein storm het oor die Joodse gemeenskap in Suid-Afrika opgesteek. Aanleiding daartoe is die pleidooi van Rabbi M. Swift van Johannesburg dat Jode nie aan die Suid-Afrikaanse politiek moet deelneem nie. Die Rabbi se rasgenote is merkbaar verontrus oor sy uitlating (wat as onverantwoordelik bestempel word) en kragdadige pogings word aangewend om die uitwerking daarvan uit te wis.

(Vervolg op bl. 3 kolom 4)

# PLEIDOOIE VIR UITLIGTING DEEL VAN PARTY-SPEL

**Die Verenigde Party gaan nog voort om die uitligting van die kleurvraagstuk uit die partypolitiek as hoofplank vir sy verkiesingsveldtog te gebruik. Op Benoni het die leier, mnr. J. G. N. Strauss, verlede week 'n beroep op die kerke en ander nie-politieke instellings gedoen om die regering te dwing om die nie-blanke vraagstuk uit die partypolitiek te haal. Hy het gesê dat die vraagstuk te groot vir een party geword het. Dit moet op die grondslag van geen partye genader word, en in die poging om die oplossing te vind moet die samewerking van die nie-blankes verkry word.**

**Solank die partye die uitligting van die vraagstuk uit die partypolitiek gebruik as propaganda teen hul teenstanders, solank sal daar van die uitligting self niks kom nie, al moet hulle die ander se voorstelle met** die onbenulligste besware van die hand wys. Mnr. Strauss is so vurig oortuig van die noodsaaklikheid dat die vraagstuk uitgelig moet word dat hy selfs 'n beroep op die kerke doen om te help, maar toe dr. Malan by vorige geleenthede dit voorgestel het, het hy dit geweier omdat dit dan op die grondslag van apartheid moet geskied. Aan die ander kant het mnr. Eric Louw hom destyds vereenselwig met dr. Malan se voorstel om die vraagstuk gesamentlik aan te pak, maar nou dat mnr. Strauss voorstel dat die kerke daarmee moet help, verklaar mnr. Louw dat dit 'n partysaak is en dat „buite-organisasies en welmenende mense wat die drang voel om die kleurvraagstuk te help oplos" hulle hande daarvan af moet hou.

**GOEIE AMMUNISIE**

**Die feit is dat niks hom so leen vir verkiesingspropaganda as die kleurvraagstuk nie en dat die partye mekaar beoorlog deur om die beurt die verskille en die ooreenkomste tussen hulle te beklemtoon, al na gelang die openbare mening vir die een of die ander gunstig gestem is. En hierdie taktiek kan beoefen word sonder vrees dat die vraagstuk „uitgelig" sal word, omdat elke party weet dat die ander elke moontlike draai sal maak om te verhoed dat hierdie gawe tennisbal oor die heining beland.**

**„GENOEGSAME GRONDE"**

Toe dr. Malan in Januarie 1949 moes antwoord op 'n wantrouemosie van die Verenigde Party, het hy sy teenstanders oorval met 'n voorstel om die naturellevraagstuk uit die partypolitiek te lig. In 'n lang toespraak het dr. Malan uit die V.P. se program van beginsels aangehaal om te bewys tot watter groot mate hul beleid en syne ooreenstem. **„Ek vra of daar nie, met die oog op die verklaarde beleid van die oorkant van die Huis, genoegsame gemeenskaplike gronde is dat ons met betrekking tot die naturellevraagstuk gesamentlik met mekaar kan raadpleeg nie,"** het hy gesê, en daaraan toegevoeg: **„Daar is genoegsame gronde daarvoor.** Ek doen hier my poging, my nuwe poging, om die naturellevraagstuk te lig uit die arena van die partypolitieke stryd en dit te behandel as 'n breë nasionale vraagstuk."

**„ONMOONTLIK"**

Die antwoord van die opposisie was dat dr. Malan sy apartheidsbeleid as grondslag vir samewerking voorhou, en dat dit onmoontlik vir hulle is om op daardie grondslag oor samewerking te gesels. En nou kom die Verenigde Party-leiers weer en hulle beklemtoon die gemeenskaplikheid van beleid en dus die noodsaaklikheid om die vraagstuk „uit te lig". Maar op hul „pleidooie" antwoord dr. Malan dat „om te vra dat almal saam die saak moet probeer oplos is om die **onmoontlike** te vra", en mnr. Louw waarsku teen „toenadering" **omdat „Die Verenigde Party besef dat hy die verkiesing klaar verloor het, en daarom volg hy nou die taktiek om verwarring te probeer skep".**

**As die eie party samewerking voorstel is dit staatsmanskap; as die ander dit voorstel is dit „onmoontlik" of „verwarringstaktiek". Dit geld vir albei partye, want elkeen het reeds samewerking voorgestel en elkeen het dit reeds verwerp.**

**Die grondvraagstuk van ons kleurvraagstuk is die partypolitiek. Die partye staan tussen die volk en die oplossing daarvan, en die tyd nader vinnig dat die volk die vraagstuk by sy begin sal moet aanpak.**

## HOE MINDER ADVERTENSIES HOE BETER

**Te veel advertensies beteken geen advertensies nie. Hierdie waarheid is deur prof. W. H. Hutt, dekaan van die fakulteit van handelswetenskappe aan die Universiteit Kaapstad, uitgespreek op 'n noenmaal van die Advertensieklub.**

**Prof. Hutt het verwys na die duisende „ontsierende" advertensies in die koerante, op geboue en oor die radio en gesê: „As almal adverteer beteken dit eenvoudig dat niemand adverteer nie. Die ontelbare advertensies maak die publiek onvatbaar vir advertensies, met die gevolg dat die reklame sy doel verby streef. As almal ewe hard skreeu, hoor ons op die ou end niks nie."**

**Hoewel prof. Hutt meer in die oog het, kom sy redenering eintlik daarop neer dat die blaaie wat die minste advertensies bevat die beste advertensiemediums is. Dit is blykbaar ook om hierdie rede dat 'n blad soos Die O.B., wat seker 'n heelwat kleiner sirkulasie het as sommige ander blaaie, beter resultate aan adverteerders besorg, soos etlike adverteerders reeds getuig het.**


## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**TARIEF:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### DOODBERIG

BURNETT.—Sag heengegaan op 1 Oktober 1952 in die ouderdom van 77 jaar, ons dierbare moeder, Anna Sophia (gebore Rautenbach). 'n Seder onder die Afrikanervroue, 'n konsentrasiekampheldin, het haar ewige rus ingegaan. Moeder, u verlede was groots, u nagedagtenis sal heerlik voortlewe. —Bedroefde kinders. 15/10/1B

### TE KOOP

IDEALE KERSFEESGESKENKE. — Bybelomslag plus boekmerk, 10/-. Gesangboekomslag, 7/-. Met Van Riebeeck-standbeeld of Voortrekkermonument of gewone ontwerpe. Halleluja-omslae, 7/6. Alles van egte swart leer. Geen K.B.A.-bestelling; slegs K.M.B. Neem bestellings tot einde Oktober vir Kersfees-aflewering. Bestel NOU! — **J. Stemmet, Posbus 103, Knysna.** 15/10/1

### MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW**, die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

SANLAM

**BIED UITKOMS AAN ELKEEN**

Dit is in tyd van nood
dat 'n mens jou eie mense soek
Dit is in tyd van nood
dat 'n mens jou eie mense vind
by

**SANLAM**

*die grootste Afrikaanse Lewensversekeringsmaatskappy*

HOOFKANTOOR:
WAALSTRAAT 28 . . . . KAAPSTAD.

*Takke en agentskappe deur die hele Suidelike Afrika.*

S/ALG1

## O.B. JAARGANGE

**JAARGANG 1950—1951**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk.**

**PRAGTIG INGEBIND**

***VOORRAAD BAIE BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**


# MOET DAAR GEBOER WORD MET WILD?

**Die vraag of ons inheemse wildsoorte nie beter vir vleisproduksie aangewend kan word nie, word gestel na aanleiding van die ondervinding van 'n Middelburgse boer in Transvaal, mnr. H. Heyns, wat op groot skaal met blesbokke boer — die enigste diere wat hy naas springbokke op sy plaas aanhou. Hy verklaar dat blesbokke beter op swak veld aard as beeste en daarby die neiging toon om die veld te verbeter in plaas van dit uit te trap.**

Op sy plaas van 3,000 morge hou hy omtrent een blesbok per morg aan, en sy ondervinding is dat die veld jaarliks verbeter. Waar daar voorheen net graspolle met kaal kolle was, vorm die gras tans 'n tapyt. Hy verklaar dat 'n blesbok alle soorte gras vreet.

Siektes is onder blesbokke onbekend. Die wat in die veld vrek het geen tande meer van ouderdom nie. Dit is nooit nodig om hulle te voer nie en wanneer hulle weens droogte maer word, tel hulle weer verbasend vinnig gewig op sodra die veld begin groei.

Die bokke begin na twee tot drie jaar aan te teel en ramme weeg op drie jaar reeds 100 pond, wanneer hulle geskiet kan word. Die karkasse behaal van £3 10s. tot £7 stuk op die mark.

'n Tyd gelede het min. J. G. Strydom tydens 'n besoek aan die Krugerwildtuin, die mening uitgespreek dat ondersoek ingestel behoort te word na die moontlikheid om buffels vir vleisproduksie te teel. Die vooruitgang van die buffeltrop en hul buitengewone aanpassing by die natuurwisseling van ons land beveel hulle sterk aan vir hierdie doel.

## Van die Os op die Esel

(Vervolg van bls. 2, kol. 5.)

Mnr. E. J. Horwitz, voorsitter van die Uitvoerende Komitee van die Suid-Afrikaanse Joodse Raad van afgevaardigdes het verklaar dat Rabbi Swift se beskouinge „'n vergryp is teen die Joodse openbare mening want dit neig om die grondslag van die status van die Jood as vrye burger in 'n demokratiese samelewing te ondermyn. Die beskouinge is inderwaarheid 'n repudiasie van die swaar-verkreë politieke emansipasie van die Jood en is 'n pleidooi vir die vrywillige terugkeer na die Ghetto."

Mnr. J. Nossel van Claremont wat bekendheid verwerf het as 'n pleitbesorger van die Nasionale Party onder die Jode het verklaar: „Op politieke gebied het die Jood 'n dubbele verantwoordelikheid — eerstens teenoor sy party en tweedens teenoor sy ras." Mnr. Nossel glo dat die Jode moet deelneem aan die politiek.





GI-3092A

# EISENHOWER VERGELYK SWAK MET SKRANDERE TEENSTANDER

**Nog geen enkele weke skei ons van die betekenisvolle 4 November— die datum waarop die verkiesing van die Amerikaanse president plaasvind. Dit is verbasend hoe die beeld sedert die twee partykongresse in Julie verander het. Toe het dit gelyk of Eisenhower nog maar net aangewys moes word om verkies te word — wat inderdaad ook as die hoofargument van die Dewey-groep gebruik is teenoor die wankelende afgevaardigdes wat liewer vir senator Taft sou gestem het as dit nie vir die „dood sekere" verkiesing van Eisenhower was nie.**

**Maar nou? Vandag skat die beste wedders Eisenhower se kanse op niks meer as 53 persent nie, terwyl daar in die kringe van ervare politici die neiging bestaan om Adlai Stevenson se kanse minstens gelyk te stel met dié van Eisenhower en selfs ietwat hoër; die pers verklaar dat Eisenhower in nood verkeer.**

Hoe is dit moontlik? Die oorsake van hierdie verbasende ommekeer in die toestand moet in die eerste plaas by die kandidate self gesoek word: die swak wyse waarop Eisenhower hom van sy taak gekwyt het en die bekwame wyse waarop Stevenson sy saak behartig. Ten slotte moet dit ook toegeskryf word aan die diepe wond wat Dewey en sy geldgroep die Republikeinse Party as geheel toegedien het deur hul roekelose en onwaardige behandeling van die Taft-aanhangers.

Wat die laasgenoemde betref het die sensasionele oproep van die groot en invloedryke koerant, Chicago Tribune, onder aanvoering van sy magtige en vreeslose hoof McCormick, dat 'n derde party gestig moet word, aangetoon dat die maneuwer van die Dewey-groep, en hul finansieel-kragtige luitenante op die agtergrond, die vertroue van baie Republikeine in hul party vernietig het. Die Chicago Tribune was vir baie jare die fondament van die Republikeinse Party in die Midde-weste en sy openlike oorlogsverklaring aan Eisenhower maak laasgenoemde se oorwinning in die tradisionele Republikeinse geweste meer as onseker.

### GELDMAG BAAS

**Kol. McCormick het in sy oproep verklaar dat die Republikeinse Party tans deur die geldmag agter Dewey verower is ten einde die inmengingsbeleid wat Amerika onder Wilson, Roosevelt en Truman in drie groot oorloë gedompel het, te handhaaf. Hy het die noodsaaklikheid beklemtoon om in sulke omstandighede 'n egte Amerikaanse party in die lewe te roep wat in die verkiesing van 1956 ernstig aan die verkiesing sal deelneem.** Wat die verkiesing van 1952 betref het hy sy miljoene lesers aangeraai om vir kongres-kandidate van die Verenigde Party te stem, maar nie vir Eiseinhower nie (wat tegnies sonder meer moontlik is). Die oproep van McCormick is intussen deur ander groepe opgevolg wat onder aanvoering van



GENL. EISENHOWER

die bekende joernalis Upton Close sommer dadelik 'n „Amerika Eersteparty" gestig en vir genl. MacArthur as presidentskandidaat en senator Byrd as onder-presidentskandidaat benoem het — iets wat in die op hande synde verkiesing nie veel maar as 'n betogingswaarde kan hê nie. Maar dit sal Eisenhower ongetwyfeld duisende stemme kos.

### LOGIESE STANDPUNT

Die geweldige steun wat die optrede van die Chicago Tribune geniet het, nie net in die geledere van die Republikeinse Party nie, maar ook in onafhanklike kringe, sowel as die spontane stigtingspoging van 'n derde party vir die hele land bewys nog nie dat 'n derde party 'n groot gevolg sal hê nie, maar dit toon wel dat 'n groot deel van die Republikeinse kiesers wat in die behandeling van Taft 'n belediging en in die uitslag van die nominasie 'n set sien nie bereid is om hierdie maneuwer met hul stemme te sanksioneer nie. Hul argument is net so duidelik as wat dit logies is: **„Indien die beleid van Wilson, Roosevelt en Truman voortgeset moet word, dan moet dit onder die vaandel van die Demokratiese Party geskied, en nie onder ons s'n nie. Die giftige vrugte van hierdie beleid sal in**

**Deur Ons Amerikaanse Korrespondent**

**die volgende paar jaar ryp word, en laat die vaders van hierdie beleid dan die verantwoordelikheid daarvoor dra, so nie ruïneer ons net ons party se kanse vir 1956 en sal die Demokratiese Party daarin slaag om die ongeluk wat hul beleid verwek het op Eisenhower en die Republikeinse Party af te wentel."**

### STEM NET VIR KONGRES

Daar is baie mense wat van mening is dat dit die oogmerk was van seldsame samewerking tussen die Republikeinse geldbase agter Dewey en die gewoonlik streng Demokratiese groep rondom Berhnard Baruch wat die kandidatuur van Eisenhower uitgebroei en te weeg gebring het. Hoe dit ook al mag wees, die kilheid van baie Taft-aanhangers is deur die optrede van kol. McCormick en die Chicago Tribune so gekristaliseer dat mens kan praat van 'n wydvertakte vasberadenheid onder die Republikeine om wel vir die party-kandidate in die senaat en huis van verteenwoordigers te stem maar beslis nie vir die party-kandidate in die Wit Huis, Eisenhower en Nixon, nie.

### SWAK TOESPRAKE

Wat Eisenhower se posisie nog ongunstiger maak is dat sy toesprake tot dusver algemeen teleurstellend was. Met uitsondering van sy duidelike en energieke rede voor die kongres van oudgediendes, waarin mens die meesterhand van John Dulles baie duidelik kon waarneem, het sy toesprake in welwillende, dog niksseggende algemeenhede verloop wat nòg vriend nòg vyand geroer het. Inderdaad sal selfs die welmenendste kritikus moet erken dat die generaal in geen opsig in verband met binne- of buitelandse beleid, ekonomiese of kultuur-vraagstukke 'n duidelike antwoord kon bied of bo alles 'n duidelike standpunt ingeneem het nie. Hy skyn trots daarop te wees om homself te beskryf as 'n middeweg-man — wat sy talentvoller teenstander nie sonder onreg beweeg het om hom by die vir die Republikeine so gehate „Ek Ook-kategorie" in te deel nie: die juiste „middeweg-beleid" wat die Demokrate ook volg, maar onder 'n ander vlag.

### STEEK SLEG AF

Die kleurloosheid van Eisenhower word nog sterker aan die kaak gestel deur die briljantheid van sy teenstander, goewerneur Stevenson. **Ongeag daarvan hoe 'n mens teenoor sy party en beleid staan, is dit werklik 'n geestesgenot om die vernuftige formulerings, die intelligente uiteensettings van Stevenson**

(Vervolg in kolom 5)

# CAPE TIMES ONTDEK 'N ‚IMPERIALIS' EN BESTRAF HOM!

**Die jongste kwinkslag van die partypolitiek is dat die Cape Times Die Burger voorhou as 'n pleitbesorger van uitgediende Britse imperialisme, terwyl eersgenoemde die handskoen vir onderdrukte nasionalisme opneem!**

Die blad skryf dat Die Burger „'n late maar nietemin verbasende bekering" ondergaan het: „Ons Nasionale tydgenoot het die wêreld se vurigste posthume ondersteuner van Britse imperialisme geword. Inderdaad sal Die Burger in sy huidige luim enige aanbod van selfbestuur vir Suid-Afrika verwerp, indien Suid-Afrika nog uit vier kolonies bestaan het," skryf die blad. „Hy sou daarop aangedring het dat ons nog kuikens onder die beskermende vlerk van moeder Engeland moes bly. Toe 'n Arbeider-leier te kenne gegee het dat dit nie 'n onedele daad vir Brittanje was om vrywillig sy heerskappy oor Pakistan, Indië, Ceylon en Birma te laat vaar nie, was Die Burger vol veragting. Dit was niks anders as 'n ‚abdikasie-gees' nie, het Die Burger gesê, 'n papbroekige begeerte om alles te laat vaar wat te warm word. Wat meer is, het die koerant wrewelig bygevoeg, dit skyn of die Britte presies dieselfde ding in Afrika gaan doen."

### IMPERIALISME „AFSTOOTLIK"

En dan lees die Cape Times Die Burger as volg die les: „Vasklewerige imperialisme is vir die Amerikaners en andere afstootlik, of dit nou 50 jaar gelede in Suid-Afrika, vandag in Asië of môre in Wes-Afrika is. Ongetwyfeld openbaar dit 'n swak begrip van die toestand, maar die res van die blanke wêreld buite Afrika hou vol dat 'n nasionale groep geregtig is op sy soewereiniteit, of dit nou al Birmese, Hindoes, Wes-Afrikaners of basters is. Dit is 'n faktor in die mensedenke waarmee rekening gehou moet word. Hulle sal nie die stelling aanvaar dat ‚imperialisme' oral in die wêreld behalwe in Suid-Afrika vyftig jaar gelede 'n vrye spel vergun moet word nie."

Die oorsaak van hierdie rol-uitruiling? Baie eenvoudig: Die verwyte en teenverwyte staan in verband met die partye se kleurstryd, en nou pas dit Die Burger se kleurbeleid dat Brittanje sy gesag oor die naturelle nie moet laat vaar nie, en daarom pas dit die Cape Times om 'n pleidooi teen imperialisme te lewer. **Opposisieskap kan soms hoë eise stel.**

(Vervolg van kolom 3)

**aan te hoor, hoe hy politieke feitekennis met meevoerende geestigheid paar, en daarmee sonder twyfel alle vorige presidente en kandidate ver oortref. 'n Mens sal moet ver teruggaan om in die Amerikaanse geskiedenis so 'n intelligente leier as goewerneur Stevenson te vind. En was dit nie dat hy die meulsteen van die Roosevelt-Truman-erfenis om sy nek gehad het nie, sou daar geen twyfel oor sy verkiesingsoorwinning bestaan het nie.**

Maar soos dit is, sal Eisenhower waarskynlik wen, maar dit sal 'n Pyrrhus-oorwinning wees — vir hom en die Republikeinse Party.

**'n Engelse dokter,** dr. Forbes-Sempill, wat veertig jaar lank as 'n vrou bekend was en 'n paar maande gelede haar geslag verander het, het aangekondig dat hy met sy vorige huishoudster gaan trou.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Birdstraat, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers, Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is U man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

O.B. VRIENDSKAPSENTRUM

Groote Kerkgebou 604, Kaapstad

*Vir*

Heerlike koffie: Tee: Koeldranke: Roomys: Geroosterde brood: Toebroodjies: Soep en Nagereg

**Besoek ons wanneer u in Kaapstad is**

*Ons pryse—die billikste* *Ons diens—die beste*

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Apteek

Kerklaan, KAAPSTAD

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om besonderhede




Hoofkantoor:

Waalstraat 28, Kaapstad.

Takke en Agentskappe Oral.

SANTAM

Suid-Afrikaanse Nasionale Trust- en Assuransie-Mpy. Bpk.